MASKEW MILLER se

# AFRIKAANSE EKSAMEN-VRAESTELLE

VIR

## MATRIKULASIE,

SENIOR UNIWERSITEITSEKSAMEN,
HOËR EN HOOGSTE TAALBOND.

DEUR

**J. J. DU PREEZ, M.A.,**
*S.A. Kollege—Hoërskool, Kaapstad.*

**T. MASKEW MILLER,**
**Uitgewer van Opvoedkundige Werke,**
**KAAPSTAD.**

SKb
439.36076
DUP

MASKEW MILLER

SE

# AFRIKAANSE EKSAMEN-VRAESTELLE

VIR

# MATRIKULASIE,

## SENIOR UNIWERSITEITSEKSAMEN, HOËR EN HOOGSTE TAALBOND.

DEUR

J. J. DU PREEZ, M.A.,
*S.A. Kollege—Hoërskool, Kaapstad.*

T. MASKEW MILLER,
**Uitgewer van Opvoedkundige Werke,**
KAAPSTAD.

# AFRIKAANS.

## No, 1.

1. Verklaar kortliks die gebruik van **jy** en **u** in Afrikaans.

2. Skryf suiwer Afrikaanse sinonieme in plaas van die volgende woorde, en sê aan welke tale hul ontleen is of deur welke tale hul beïnvloed is:-

   Reparasie, affronteer, satisfaksie, affêre, sosiëteit, geologie, sillabe, petiesie, intelligent, distansie, presenteer, miserabel, unaniem, dokter, impressie.

3. Welke reëls kan ons neerlê in verband met die verbuiging van die Byw. nw.?

4. Vul in 'n gepaste woord, en gebruik elke groep dan in 'n flinke sin:—

| | |
|---|---|
| 'n uitgebreide ......... | 'n griewende ......... |
| 'n onoplosbare ......... | 'n sonderlinge ......... |
| 'n ingewikkelde ......... | 'n oorverdowende ......... |
| 'n betreurenswaardige ...... | 'n stoutmoedige ......... |
| 'n onheilspellende ......... | 'n ontmoedigende ......... |

5. Skryf tien idiome, wat aan die **hoof** of **kop** ontleen word.

6. Ontleed in sinne en toon aan die verband. Bespreek ook die woordsoort en funksie van vetgedrukte woorde:—

„**Dit** was, **soos** almal weet, en **darem** sê ek dit nog, in die tydvak **tussen** die twee oorloë: die oorlog hier **waar** ons alles **mee** te doen had **hoewel** ons hom nie gesoek **het** nie, en die oorlog **daargunter wat** ons gesoek het om te gaan **deursien**, hoewel ons eintlik niks **daarmee** te doen had nie, **buiten** dat dit in die belang van Suid-Afrika was."

7. Wat is die onderskeid tussen **skeidbare** en **onskeidbare** werkwoorde? Gee voorbeelde.

8. Parafraseer:—

Jong aarde se stoot het my boesem ontbloot
bo die diep van die meer;
en volswanger van lewe 't oor waat're geswewe
die gees van die Heer,
Uit die woelende nag van haar jeugdige krag
brag die aarde voort
Lewiatans-geslagte, geweldig van kragte —
storm-ontruk aan haar skoot.
Diep in my gesteente berg ek hul gebeente
die geheim van hul lewe en lot;
Maar gewek uit die sode herleef uit die dode,
na die ewig hernuwingsgebod,
die stof van d' verlede in vorme van d' hede,
in eindeloos kome en gaan;
Wat die dood my vertrou 't, ek bewaar dit as goud,
en geen grein die 'k verlore laat gaan.

9. U het pas die matrikulasie-eksamen afgelê en het aansoek gedoen om verskillende betrekkings. Twee betrekkings word u tegelyk aangebied. Skryf nou aan u hoofonderwyser en vra hom om raad.

10. Opstel:—Hoe om van boeke gebruik te maak.

---

## No. 2.

1. Skryf 'n aantekening oor **meervoudsvorming** in Afrikaans, en lig toe met voorbeelde.

2. Bring oor in die **lydende** vorm:—

   'n Mens kan dit nie altyd reg kry nie. Hulle het gedans, terwyl ons moes werk. Ek kan dit doen. Julle kon dit ook doen. Hul sal dit nie kan doen nie. Ons sou dit kon doen. Sy sou dit kon gedaan het. Vra jy my so'n vraag! Kap die hout sonder versuim. So, het jy my verwag? Wel, ek kom, sodra ek die stuk werk afgedoen het.

3. Gebruik die volgende voegwoorde in gepaste sinne:

   Ofskoon, terwyl, voor, sodat, opdat, omdat, mits, dewyl, tensy, al.

4. **Hoop** ontleen sy meervoudsvorm aan 'n sinoniem, **verwagting**. Gee nou nog ag dergelike voorbeelde.

5. Toon aan in gepaste sinne dat die verl. deelw. van die volgende werkwoorde **swak** en **sterk** gebruik kan word:—

Aftrek, beweeg, buig, verkies, bespreek, verbreek, beskryf.

6. Wanneer word die **aanvoegende wyse** gebruik in Afrikaans? Lig toe met voorbeelde.

7. Verklaar die volgende idiome:—

(a) Sy vis agter die net.
(b) Die man wou my 'n rad voor die oë draai.
(c) Beter blode Jan dan ,,dode'' Jan.
(d) Ons moes dit op staande voet doen.
(e) Met die deur in die huis val.
(f) Daar sal geen haan na kraai nie.
(g) Die mense leef op grote voet.
(h) Hul het gou die hasepad gekies.
(i) Die vrou is goed van die tongriem gesny.
(j) Ons moet op eie wieke dryf.

8. Gee in u eie woorde die inhoud weer van ,,Die Trek Drakensberg af'' van H. H. Joubert:—

Die reusetop rys hoog uit bo die wolke
en tronend siet op wasige oorde neer.
Daaronder gaap die grondelose kolke,
Ombruis met golwe van 'n lowermeer.

Daar skram en skuur die duisend waë-wiele
en sukkel knarsend oor die klippe heen,
dog liewend wieg een duisendtal van siele —
hul troue troos by rouklag en geween.

En steen op steen skuif klotsend langs die wande
en spring die duiselende steiltes af,
om diep en stil in donk're oewersande
hul rus te vinde in 'n eeuwe-graf.

Die ego's rommel deur die diepe klowe;
die sku bewoners van geheime woud
verstom en tuur in bewing heen naar bowe,
besorgd om hulle skoon kasteels behoud.

9. Skryf 'n uitnodiging na 'n verjaarsdagmaal en die antwoord daarop.

10. Opstel:—**'n Storm op die See** of **'n Storm op die land**.

---

## No. 3.

1. Gee aan, in hoofsaak, die verskil in spelling tussen Nederlands en Afrikaans.

2. Gebruik **voor** as voegwoord, voorsetsel en bywoord
   ,, **na** ,, ,, ,, ,, ,,
   ,, **al** as voegwoord, byv. nw., bywoord.
   ,, **baie** as byv. nw., selfstandige nw., bywoord.
   ,, **laat** as byv. nw., bywoord en werkwoord.

3. Gebruik die volgende voegwoorde in gepaste sinne:

   Indien, nog ......... nog, voordat, nieteenstaande, want, òf ......... òf, inteendeel, nogtans, daarenteë, tog, dog, wyl, in weerwil van.

4. Skryf o.s. stuk oor en vul in **leestekens** en **hoofletters**:—

net soos ons mensies sê vroutjie een vir een het sy ou beurtjie en hy gaan en dan kom daar maar nuwetjies om ook maar aanstons te gaan maar dieselfde sterretjies kom altyd maar weer sê engela more-aand weer en so sonder end ons mensies is verganklik die sterretjies is ewig.

(,,Sonde met die Bure.'')

5. Vorm:—

(a) bywoorde van:—

Blind, stil, groot, waar, kalm, huis, noord, sag, dag, trap.

(b) en byv. nw. van:—

Moeras, sand, dief, monster, majesteit, liefde, koning, apostel, broer, awontuur.

6. Verklaar die verskil in betekenis en gebruik elke woord in 'n gepaste sin:—

Ontspanning — inspanning — uitspanning; selfstandig — onafhanklik; onbesorg — sorgeloos; ontdek — uitvind; aarsel — twyfel; diktaat — diktee.

7. Ontleed in sinne en toon die verband aan:—

,,Van die tyd af slaap ek nie graag meer alleen in 'n kamer nie, al huur ek ook 'n kleinjong om voor my kooi te kom lê, en drink ek nie meer 'n druppel nie, ook al het ek so 'n behoefte daaraan soos ek vandag had toe ek uit die water kom.''

8. Gee die Afrikaanse ekwiwalente van die volgende idiome:—
   (a) Charity begins at home.
   (b) There is a skeleton in every cupboard.
   (c) You have let the cat out of the bag.
   (d) Look before you leap.
   (e) Out of sight, out of mind.
   (f) It's no use crying over spilt milk.
   (g) Procrastination is the thief of time.
   (h) Man proposes, God disposes.
   (i) Hunger is the best sauce.
   (j) You are quite beside the point.

9. U is op reis in Europa; skryf nou 'n brief aan 'n intieme vriend, waarin u u ondervindinge meedeel.

10. Opstel:—Die Lewensloop en Lewenswerk van 'n Groot Man uit die Vaderlandse Geskiedenis.

---

## No. 4.

1. Wat is Frekwentatiewe, Kousatiewe, Intensiewe Priwatiewe, Denominatiewe? Lig toe met voorbeelde.

2. Bepaal die **antonieme** van die byv. nw.:—

   'n Ontkennende antwoord, 'n beknopte verhaal,
   'n voordelige koop, 'n langdurige stryd,
   stilstaande water, uitgetputte kragte,
   nuwerwetse kleredrag, 'n gewigtige saak,
   'n sagsinnige vrou, 'n toevallige ontmoeting,
   'n ingewikkelde vraagstuk, 'n alledaagse gebeurtenis.

3. (a) Gee, waar nodig, die trappe van vergelyking van :—

Doods, gepas, bloedrooi, graag, spits, dof, dwaas, lief, teenwoordig, bekwaam, vas, woes, onreëlmatig, boos, spierwit.

(b) Gee die meervoud van :—

Doel, gebrek, skildery, kangoeroe, ego, straf, pad, tree, hoera, oordeel, genot, graf, skof, gemoed, volk, lied, mof, bog, kreef, werksman.

4. Gebruik die volgende woorde in gepaste sinne om hul betekenis aan te toon :—

Monopolie, kiesafdeling, vergange, vaandels, unaniem, oortollig, ontboeseming, uitspansel, stadium, wierook.

5. Toon aan die gebruik van die onbepaalde wyse, en lig toe met voorbeelde.

6. Gebruik die volgende woorde in sinne in figuurlike betekenis :—

Kenmerk, duister, suiwer, band, bloeiende, rooskleurig, skerp, donker, stempel, brandpunt.

7. Ontleed in sinne; noem ook die woordsoorte waartoe die onderstreepte woorde behoort en toon aan hul funksie in die sin.

„**Moes daar** 'n fees op die dorp wees, **dan** was Mnr. A. die man **om** die ding te begin."

„Ons het **nog nie vir** ons vrouens aangeskaf nie, **en in** die jare, **wat** ons **saam** op skool deurgebring het, het ons **so gewend** geraak **aan mekaar**, **dat as** ons nou ander planne **sou moet maak**, dit **swaar** sou gaan.

8. Parafraseer :—

„Die d' onrust niet in 't hart en heeft,
Leeft zalig, als hy buiten leeft.
Gelukkig mens, wien 't is gegeven
By 't vreedzame en onnoozle vee,
Dat nooit noch kwaad, noch onrecht dee,
In 't veld zijn dagen af te leven!
De bloemenkrans braveert de gouden kroon,
Die 's konings zorg by nacht doet waken.
Geruster zit men onder daken,
Van riet gebouwd, dan op den hoogen troon."

(„Buitenleven" — *J. Luyken.*)

9. U het pas die matrikulasie-eksamen met sukses afgelê. Doen nou aansoek by die Hoof van 'n Opleidingskollege vir onderwysers om toegelaat te word as student.

10. Opstel :—Werkstakinge.

## No. 5.

1. Verklaar en lig toe met voorbeelde:—

   Sinonieme, Antonieme, Paronieme, Homonieme.

2. **Pynig** is 'n werkwoord gevorm van die naamwoord **pyn** en word genoem 'n **denominatief**. Gee verder die benaming en afleiding van:—

   Stotter, wit, buk, dribbel, ploeg, knip, snuffel, trommel, reinig, strem, voer, vlug, vel, hik, soog.

3. Vorm woorde met **ver-** om sewe verskillende betekenisse van die voorvoegsel aan te toon.

4. Skryf in suiwer Afrikaans:—

   Jan gaan vanjaar in vir sy eksamen. Ek lyk boeke die op historie skryf. Ons het lang gewag maar ons vriend het nie opgedraai nie. Kyk, jul moet nog voor twaalf uur die trein vang. Wat is op met jou oë dat jy nou ook al brille dra. Van sulke voorregte is ons ontstoke. Ek hoop die seun sal eendag 'n verstandige man uitdraai. Op ons plaas groei ons koring, aartappels en vrugte. My Ma maak baie van my broer maar min van my. Koop my asseblief 'n papier in Adderleystraat, 'n „Burger" of 'n „Argus."

5. Gebruik in gepaste sinne om die verskil in betekennis aan te toon:—

Aandeel — gedeelte, Rooms — Romeins, Noors — noors, begroting — vergroting, inhoud — onderhoud.

6. Verklaar die volgende en gebruik in gepaste sinne:—

Ontknoping, wispelturig, kompromis, vermoedens, voortreflikheid, byderhand, ewewig, pondok, sinnebeeldig, benewelde.

7. As hoeveel verskillende woordsoorte kan die volgende gebruik word? Gebruik elke woordsoort in 'n sin en gee aan die funksie van die woordsoort:—

**Wat, weinig, as, in, helder, deur.**

8. Verklaar die volgende idiome:—

Iemand die hand bo die hoof hou. Gewag maak van iets. Tussen die reëls lees. Die man is op heter daad betrap. Swart op wit hê. Sy stoflike oorskot is ter aarde bestel. Die koeël is deur die kerk. Die vinger op die wond lê. Sy mes sny aan albei kante. 'n Boek ter insage kry. Die man is in die arms van Morfeus. 'n Hoë toon aanslaan.

9. Doen aansoek om 'n vakante pos—Std. VII.—in 'n Goewermentskool.

10. Opstel:—Die Hugenote en hul invloed op die geskiedenis van Suid-Afrika.

---

## No. 6.

1. Verdeel die hulpwerkwoorde in klasse en toon aan die funksie van elke klas.

2. Gee 'n sinoniem vir elkeen van die volgende woorde:—

Retireer, argeologie, progressief, histories, pasjent, resultaat, filosoof, konklusie, loseer, monopolie, professor, krediteur, rewolusie, deputasie, biblioteek, sisteem, teologie, aksent, geometrie, importeer

3. Vul in 'n gepaste woord:—

Slegte geselskap ......, vertroue ......, met gespanne ......, die daad by die woord ......, tot strafsitting ......, 'n vergadering ......, 'n skepter ......, 'n standbeeld ......, 'n meinedige ......, belange ......, 'n onwrikbare ......, 'n naderende ......, 'n hawelose ......, 'n beproefde

4. Gee die afleiding en benaming van:—

Bibber, donder, stenig, stik, skuifel, verbitter, bedel, skoffel, hakkel, lei, swik, reis, kibbel, smak, pruttel, wek.

5. (a) Vorm byv. nw. van:—

Arbeid, eer, Europa, slaap, Spanje, drama, red, Denemarke, poësie, liggaam, Asië, dief, orde, Vlaming, Poland, musiek, reus, ly, ywersug, krag.

(b) Vorm w.w. van:—

Huis, wapens, droog, vlam, voordeel, haar, liggaam, hoof, man, kiem.

6. Gebruik in sinne om die verskil in betekenis aan te toon:—

Begryp — vergryp, ouderdom — oudheid, sterwe — sneuwel, dienstig — diensbaar, welsprekend — welbespraak.

7. Ontleed in sinne en toon aan die verband:—

„Daar ek 'n vreemdeling was en niemand wis wat hulle van my te wagte had nie, is die wetgewing taamlik sonder opposiesie deurgegaan.''

„My Pa moes goed vestaan dat die kamer en verder alles wat sy in verband met die kamer nodig had, onder haar direkte bestuur was en dat hy nie beter kon doen dan sy werk ongestoord doen en hare aan haar oorlaat.''

8. Parafraseer:—

Wees hoog genoeg vir vaders aard,
Waar vastrap krag en mannemoed
Betoon moet word in teenspoed —
Waar hinderpaal en harde werk
Hartspiere eis as staal so sterk —
Waar onreg en verdrukking wag
Op 'n beskermers mannekrag:
Wees daar getrou aan vaders aard —
Trek uit die skede vaders swaard!

Wees nie te hoog vir moeders aard,
Waar treurend naastes droewe smart
Dors na die troos van vriendehart,
Waar folterende krankheids klag
Op tedere verpleging wag
Van sagte hand, na moeders aard!
Waar nooddruf om jou almoes kerm,
Waar jou verslaag'ne smeek „Ontferm!"
Wys daar jou moeders liefdryk' aard:
Steek in jou skede vaders swaard!"

9. Skryf 'n brief waarin u u moeder geluk wens op haar verjaardag. Skryf ook 'n antwoord op die brief.

10. Opstel:—„Ons Voorouers" of „Die Goeie ou Tyd."

## No. 7.

1. Verdeel die **telwoorde** in klasse en benoem hul.

2. Skryf 'n aantekening oor die **dubbele ontkenning** in Afrikaans.

3. Noem ses agtervoegsels, wat die name van manlike persone en diere aandui.

4. (a) Wat is die frekwentatiewe van:—

   Klap, skuif, trap, hak, beef, snuif, tok, kyf, spring, streef, styg, stoot, bid.

   (b) Wat is die intensiewe van:—
   Knyp, verspeel, hyg, druip, stry.

   (c) Wat is die kousatiewe van:—
   Klief, drink, nyg, wind, suig, sit, send.

5. Gebruik in sinne en toon aan die verskil in betekenis:—

   Oneerlik — eerloos, onverdraagsaam, onverdraaglik, hopeloos — wanhopig, tydelike — tydige, boeiend — interessant.

6. Gebruik die volgende werkwoorde in (a) skeidbare, en (b) onskeidbare samestelling:—

   Onderhou, deurtrek, voorkom, deurloop, voorspel, oordryf, ondergaan, onderwerp, deursny, oorweeg.

7. Verklaar die volgende idiome:—

(a) Daar sal geen haan na kraai nie.

(b) Iets aan die kaak stel.

(c) Die man het dit gedoen om 'n pluimpie te verdien.

(d) Iemand in die skaduwee stel.

(e) Haas u langsaam.

(f) Die man neem te veel hooi op sy vurk.

(g) 'n Mens moet die tering na die nering sit.

(h) Dit is jou eie honde, wat jou die seerste byt.

(i) Iemand na die mond praat.

(j) Die kat uit die boom kyk.

8. Gee die inhoud van die volgende kortliks weer:—

,,Daar 's iets wat ons soek
in die duistere boek
van die eeue.
Ons voel of ons wag,
ons voel daar 's nag
in ons lewe,

waar 'n dag uit kan gloor
wat ons êrens verloor
maar onthou het,
soos 'n man, oud en blind
swakkies heug wat, as kind,
hy aanskou het.

Hoe is al wat is?
Ons wens dat ons wis.
En 'n kleinheid gevind
maak ons bly soos 'n kind
  wat gehoor het
iets wat hy erken,
sinds sy tuisdae ontwen
  en verloor het.

Maar ons voel: dit is wel
dat daar perk is gestel
  aan ons wense,—
soveel skoner die dag
wat ons anderkant wag
  oor die grense.

(„Die Saaier" — *Celliers.*)

9. Beantwoord die volgende advertensie:—

PLAASBESTIERDER GEVRA.

Gehude Man, bekwaam, vertroubaar en sober; saai, wingerd, en vee; plaas naby Piquetberg — Doen dadelik aansoek: Cruywagen en Theron, Piquetberg.

10. Opstel:—Arbeid Adel.

---

## No. 8.

1. Wat is **beeldspraak** of **stylfigure?** Waarom maak ons so dikwels gebruik daarvan? Verklaar en lig toe met voorbeelde:—Metonimia, sinegdogee, Hiperbool.

2. Skryf 'n sinoniem in plaas van elkeen van die volgende woorde:—

   Afbreuk, driftig, oortollig, ontslaap, naaap, hoogmoedig, verdelg, vertrek, wins, aarseling, repareer, inspirasie, onpartydig, rusteloos, verbond, probleem, swerwe, buitegewoon, woede, besware, deftig.

3. Gebruik die volgende woorde in gepaste sinne:—

   Diplomatiek, versoen, kluisenaar, vraagbaak, gemeenplaas, atelier, geweldenaar, boekstaaf, ommegang, oorlewering.

4. Skryf 'n aantekening oor die woordskikking of die opvolging van woorde in die enkelvoudige sin in Afrikaans.

5. Vorm werkwoorde met **be-** en **ont-**, en toon aan deur voorbeelde dat die betekenis van die twee voorvoegsels verskil volgens die verskillende werkwoorde.

6. Noem die rededeel waartoe die vetgedrukte woorde behoort, en toon aan hul invloed en werking in die sin:—

   (a) Ons **moet die** man sien **vertrek.**

   (b) **Watter** mense was **nog teenwoordig behalwe Jan.**

   (c) **'n Trop** skape wei **langs** die hellings van die **gebergte.**

   (d) Die **leër is gister teruggeroep** en **het dadelik begin klaarmaak.**

(e) Die **ysters** lyk **mooi maar** kos **baie**.

(f) **Liefde** is **sterker dan goud in ons twintigste eeu**.

7. Gebruik in goeie volsinne:—

In duie val. Op die agtergrond geraak. Die vlag stryk. Op die keper beskou. Oorhoop lê. Te beurt val. Van kant maak. In die eg tree. In volle swang. Op goeie geloof. Genadebrood eet. In gebreke bly. Agter die slot sit.

8. Ontleed in sinne en toon aan die verband:—

As jy miskien nog, met jou maat
Bo in die dorp sit lag en praat,
Vergeet jy, jy moet huistoe gaan,
Anders sal oompie vir jou slaan;
Hy sit al by die vuur en brom,
„Ek kry hom soos hy huistoe kom."

(*Reitz.*)

9. Parafraseer:—

AVONDWANDELING (*H. Tollens*).

Wien laat dat purprend Westen koel? —
Dan sweven als op donzen schachten
Geliefde beelden om ons heen;
Dan wemelt droom aan droom dooreen
En zielsgepeinzen en gedachten.
De ontroering grypt ons in 't gemoed,
Haars ondanks wordt de ziel bewogen;
Er klopt een heimwee in ons bloed;
Soms wissen wij 'n traan uit de ogen,
Onwetend, wat hem druppelen doet.

10. Opstel:—„Die Vrouestemreg."

## No. 9.

1. Gebruik die volgende woorde in sinne in figuurlike betekenis :—

   Flou, skitterend, koel, kapitaal, adder, wagwoord, goue, vloed, rein, ~~[illegible]~~, lokaas.

2. Hoe word die **gebiedende wyse** uitgedruk in Afrikaans? Lig toe met voorbeelde.

3. Verklaar :—

   Metafoor, sarkasme, ironie, allegorie, inversie. Lig toe met voorbeelde.

Gebruik in gepaste sinne om die verskil in betekenis aan te toon :—

   Aanvulling — vervulling, gemiddeld — bemiddeld, besien — ontsien, oortollig — oordadig, landbou — bouland.

5. In welke opsig is die volgende werkwoorde onreëlmatig? :—

   **Is, weet, mag, kan, dink, wil, sou.**

6. Vorm byv. nw. met die agtervoegsels :—

   Saam, loos, haftig, ies, lik, erig, agtig, ig, baar. Gee aan die krag van die agtervoegsel in elke woord.

7. Skryf 'n aantekening oor die aaneenskrywe van woorde — met, en sonder die koppelteken.

8. Parafraseer:—

DIE OUE PUT (*Totius*).

Ginds op 'n knoppie, wydgeleë,
ver van die woel'ge werf en weë,
armoedig lê en skaars beskut,
in middagslaap, die oue put.

Geen vogel laat sy lied daar klinke
geen doringboom sy skadu sinke
op leiklip-brokkies wat lê braai
in middaggloed s'n ligte laai.

Verwaarlosing s'n ongenade
spreek uit die stukke pale en drade,
waarbinne staan 'n slingerwiel:
die toegang tot 'n diepe siel, . . .

Straks gaan die skapies almaal hene
en is die putters weer verdwene,
en niemand dink dan langer om
haar so vervalle heiligdom.

Haar lewe is as die moederlewe:
by ondank immer bly te gewe;
maar 'k hoor as hul is heengegaan
diep-onder tap . . . 'n watertraan!

9. Skryf 'n brief aan u leraar, waarin u hom vra vir 'n getuigskrif van karakter en gedrag. Meld waarvoor u die getuigskrif wil gebruik.

10. Opstel:—„Die Naturelle-vraagstuk."

## No. 10.

1. Verklaar en lig toe met voorbeelde:—

Woordspeling, personifikasie, eufemisme, kliemaks, litotes.

2. Vorm byv. nw. van die woorde tussen hakies:—

(Provinsie) regering, die (Persië) koning, 'n (lommer) boom, 'n (wysgeer) betoog, 'n (demokraat) bestuur, 'n (raadsel) vraagstuk, 'n (kondiesie) voorstel, 'n (Patagonië) onderwyser, 'n (konvensie) gedrag.

3. (a) Skryf die meerv. van:—

Eg, oog, betoog, hotel, wig, vlaag, maag, pad, voog, knie.

(b) Gee die vroulike vorm van:—

Dief, spreker, monnik, tesourier, sekretaris, prins, voog, leerling, akteur, dienaar, prinsipaal, aap.

4. Vul in gepaste voorsetsels:—

In afwagting ...... 'n vriend, in vergelyking ......, iemand terg ......, afwyk ......, instem ......, hoop ......, bekommer ......, voet ...... stuk hou, aanleg betoon ......, skaam ......, kyk ......, dit behoort ...... skryf ......, hul onderskei hul ......

5. Skryf in die **Indirekte Rede**:—

„Jou ma lyk maar regte siek te wees,'' sê Miemie om tog wat te sê.

„Ma is al lank siek,'' antwoord Mary; „maar dit is veral die ongerustheid oor my broer, wat haar so erg maak.''

Ek wis nie dat jy 'n broer had nie. Hy was seker nooit hier nie.''

„Hy was eenmaal hier en toe net vir een nag. Hy is die aand laat gekom en die volgende oggend vroeg weer weg, voordat dit reg dag was ...... Maar wat makeer Miss?''

„O, dit is niks,'' sê Miemie, „'n speld het my gesteek.'' ......

„Ek sal vir jou ma 'n bietjie kragtige sop stuur,'' sê tante, „en môre weer kom kyk. Hou maar goed, niggie. As julle hulp nodig het, laat dan net weet. Nou, tot weersiens!''

6. Gebruik in sinne om die verskil in betekenis aan te toon:—

Spraaksaam — welsprekend, beweegbaar — beweeglik, bewusteloos — onbewus, veldslag — slagveld, verstoke — ontstoke, edel — adellik.

8. Wat is 'n **Uittreksel** (Précis of verkorte inhoud), en wat is die vernaamste eienskappe van 'n goeie uittreksel?

9. Bespreek in 'n brief aan jou vriend die verdienstes (inhoud, styl, taal ens.) van 'n boek, wat jy onlangs gelees het en wat jy aanbeveel.

10. Opstel:—,,Die Toekoms van die Lugvaart."

---

## No. 12.

1. Aan watter tale ontleen Afrikaans die volgende woorde:—

   Abba, kleim, baie, baadjie, karo, kierie, ghwarrie, olie-kolonie, bredie, aia, impi, tronk, indoena, dagga, mamba, boegoe.

2. Verklaar:—

   Fabel, gelykenis, heldedig, puntdig, blyspel, treurspel. Lig toe met voorbeelde.

3. Wat is 'n Anglisisme? Skryf die volgende sinne oor in suiwer Afrikaans:—

   (a) Ek sal nie langer opsit met jou parmantigheid nie.

   (b) Sê ons, asseblief, wat is die tyd.

   (c) Die sterk lig lig die kamer al te mooi op.

(d) Kom, ek wil jou vandag 'n koppie tee staan.

(e) Ek het hom tog so 'n kyk gegee dat hy nie geweet het wat te doen nie.

(f) Ons is baie angstig om die resultate te weet.

(g) Kom, ons gaan 'n bietjie waak na die dorp.

(h) Hoeveel merke het jy gewen in die laaste eksamen?

(i) Die leerling moes tien lyne oorskryf.

Vorm 'n samegestelde sin, wat bestaan uit twee hoofsinne (aaneenskakelend verbind), 'n onderwerpsin, en 'n byv. bysin.

5. Gee vyf idiome aan die dierewêreld ontleen, vyf aan die boerdery, en vyf aan die Bybel.

6. Skryf aantekeninge oor die infinitief sonder **te**, met **te**, en met **om te**.

7. Maak 'n uittreksel (Précis) uit „Die Stem van Suid-Afrika" deur *C. J. Langenhoven*:—

Uit die blou van ons hemel, uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes waar die kranse antwoord gee
Deur ons ver verlate vlaktes met die kreun van ossewa —
Ruis die stem van ons geliefde, van ons land Suid-Afrika.
Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra:
Ons sal lewe, ons sal sterwe — ons vir jou, Suid-Afrika.

In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees,
In ons roem op ons verlede, in ons hoop op wat sal wees,
In ons wil en werk en wandel, van ons wieg tot aan ons graf —
Deel geen ander land ons liefde, trek geen ander trou ons af.
Vaderland! Ons sal die adel van jou naam met ere dra:
Waar en trou, as Afrikaners — kinders van Suid-Afrika.

Skryf die volgende brief in die indirekte rede:—

Durbanville,
11 Aug. 1922.

Die Redakteur van „Die Burger,"
Kaapstad.

Meneer,

Die publiek is u seker baie dankbaar dat u so kragtig opgetree het teen die verderflike voorwaardes wat genl. Smuts Rhodesië aanbied, om die Rhodesiërs tog maar te beweeg om by die Unie aan te sluit. Een en ander het ook reeds sy stem in „Die Burger" daarteen verhef ......

Ek herhaal: daar is geen oomblik tyd om te verlies nie; daar moet dadelik en kragtig opgetree word.

Die uwe,
NON-PARTY-MAN.

9. Iemand, wat in u belangstel, bied u £1,000 aan, as u verder wil gaan studeer. Beantwoord nou die brief van u weldoener en sê hoe u meen om die geld te bestee.

10. Opstel:—,,Besin eer jy Begin."

---

## No. 13.

1. Noem 'n paar woorde wat Afrikaans ontleen aan elkeen van die volgende tale:—

   Latyn, Engels, Frans, Duits, Maleis-Portugees, die Hottentotse en Bantoe-tale.

2. Noem al die voorvoegsels wat in verband met werkwoorde gebruik word.

3. Gebruik in sinne om die verskil in betekenis aan te dui:—

   Tere — têre, wrok — wraak, komies — komiek, wettig — geldig, bekwaam — geskik, amp — ambag.

4. Gebruik in gepaste sinne:—

   Ten opsigte van, in swang, aanleg betoon, in beslag neem, op staande voet, na aanleiding van, ter bekragtiging van, in voorraad, in der minne.

5. Vorm 'n samegestelde sin, wat sal bestaan uit twee newengeskikte sinne (teenstellend verbind), die eerste waarvan 'n gesegdesin bevat en die twede 'n byw. bysin van toegewing.

6. Verklaar die taalfigure wat in o.s. voorkom:—

(a) En die skare skuim en sketter,
Skater skor met dronk gebaar.

(b) En nog swoegt de vlyt!

(c) O neen toch, ranke ruischend riet
Myn ziel misacht uw tale niet.

(d) Ek sien, ek kom, ek oorwin.

7. Hoe word 'n verbod in Afrikaans uitgedruk?

8. Parafraseer:—

(a) Harde stenen slypen yser
Harde stoten maken wyser.

(b) Wie spreekt, die saeyt,
Wie hoort, die maeyt.

(c) Tucht baart vrucht.

(d) God vrezen is 'n goed begin,
De grond der wysheid schuilt er in.

(e) Zo veel mans zyn in een man
Als hy vreemde talen kan.

9. U het 'n wandelstok in 'n trein vergeet. Skryf nou na die verloregoedere-kantoor om te verneem of die stok, waarvan u 'n beskrywing moet gee, daar aangekom het. Skryf ook 'n antwoord op die brief.

10. Opstel:—,,Die Verwoestende Krag van Water."

---

## No. 14.

1. Skryf die Afrikaanse vorm van:—

   Enthousiasme, chemie, chaos, shilling, feliciteren, eeuwig, risiko, franco, affaire, lyriek, Chinese, bureau, theorie, manuscript, cafè, autenthiek, universiteit.

2. Verklaar:—

   Jambe, anapes, trogee, daktiel, amfibrag, spondee.

3. Gebruik de volgende woorde in figuurlike betekenis:—

   Skerp, bederf, dood, boek, yster, hoog, blind, brand, sterk, hoof.

4. Toon aan in sinne die verskil in betekenis :—

Stoffig — stoflik, lommer — skaduwee, vals — oneg, bejaard — afgeleef, langdurig — duursaam.

5. Gebruik die volgende woorde in gepaste sinne :—

Staathuishoudkunde, periodiek, bolsjewisties, skadevergoeding, ekonomies, psigologies, 'n deskundige, onstigtelik.

6. Verklaar die taalfigure in o.s. :—

(a) De wouden herhalen hun feestelik lied;
Ook swygt in die dalen de leeuwrik niet.

(b) O, treurig die wysie
Op d' ooswind se maat,
Soos die lied van 'n meisie
In haar liefde verlaat.

(c) Die jeug is die lente van die lewe.

(d) En langs my deur se onder-ruit,
Daar loer die nag so swart as kruit!

(e) Die dag is warm; die arbeiders trek dou.

7. Vorm samegestelde sinne :—

(a) Versterkend-aaneenskakelend verbind.

(b) Skeidend-teenstellend verbind.

(c) Oorsaaklik verbind.

(d) Verdelend-aaneenskakelend verbind.

8. Parafraseer:—

(a) (Die Boere-vrou.)

„Haar wese is erns, sy gaan haar weg in swye gehoorsaam op die weg van lange lye; Suid-Afrika, u moeder in haar wee — wat aan die wêreld 'n nasie gee."

(b) „Dis die blond,
dis die blou;
dis die veld,
dis die lug
en 'n voël draai bowe in eensame vlug —
— dis al.
Dis 'n balling, gekom
oor die oseaan,
dis 'n graf in die gras,
dis 'n vallende traan,
— dis al."

9. Verdeel die voornaamwoorde in klasse, benoem hul, en gee twee voorbeelde van elke klas.

10. Opstel:—„Sport."

## No. 15.

1. Verklaar:—

Apostrofe, antonomasia, litotes, uitroep. Lig toe met voorbeelde.

2. Wat is die verskil in vorm en gebruik tussen die swak verl. deelw. en die sterk verl. deelw.?

3. Maak 'n uittreksel uit die volgende Reuter-telegram en gee 'n gepaste opskrif daarby:—

